




Leobo se eksklusiewe aanbod aan Rondriets-lesers

→ Gaan tuis in **The Observatory**, waar ses volwassenes en drie kinders kan oornag, teen R28 000 per nag (gewone tarief R35 000 per nag).

INGESLUIT: Volle gebruik van al die geriewe in die reservaat, asook kos, 'n volledige kroeg wat wyn en spiritualieë insluit, Wi-Fi, 'n verhitte swembad, 'n musieksentrum binne en buite, 'n draagbare musiekstelsel, 'n sjef, 'n butler, sterrewag, biblioteek, borrelbad, toerusting om wild in die nag te besigtig, 3D-TV en DVD, twee kwadfietse, wildbewaarder, visvangtoerusting, gewere en perdry.

→ Gaan tuis in **Leobo Lodge**, waar 18 mense kan oornag, teen R2 200 per persoon per nag. (Minstens vier mense moet bespreek). **INGESLUIT:** Volle gebruik van al die geriewe in die reservaat, asook kos, tee, koffie, koeldrank, plaaslike bier en wyn, potspeltafel, tafeltennis, musiekstelsel, Wi-Fi, verhitte swembad, sjef, satelliet-TV, kwadfietse, motorfietse, bergfietse, teleskoop, wildkykvoertuig, visvangtoerusting, gewere en perdry.

→ Noem "**Rondriets-lesersaanbod**" wanneer jy bespreek. Voorwaardes geld. Kontak Leobo-besprekings by ☎ 087 808 1513 of Peter by ☎ 082 782 7046, stuur 'n e-pos na reservations@fish-i.co.za of besoek die webwerf www.leoboprivatereserve.com.



Silvio Rech en Lesley Carstens het 'n towerwêreld in die Waterberge geskep. Die koperkoepel en automatiese sterrewag is in Kalifornië gebou. | FOTO: DOOKPHOTO.COM

Speel soos 'n magnaat

'n Besoek aan die Leobo- private reservaat in Limpopo se Waterberge is 'n unieke ondervinding - nie net in terme van die ontwerp nie, maar ook wat jy daar kan doen, het **Eppy Strydom** uitgevind.

As jy 'n multimiljoener was op soek na jou eie wildreservaat, waar sou jy koop en hoe sou jy dit inrig?

Rory Sweet, 'n Britse IT-entrepreneur, het 'n landgoed van 12 000 ha in die Waterberge in Limpopo gekies en die bekroonde argitek-egpaar Silvio Rech en Lesley Carstens gevra om vir hom en sy gesin 'n huis te ontwerp.

Die egpaar, wat argitektuur en binnenshuise ontwerp as een vorm van uitdrukking hanteer,

het die geykte lodge-in-die-bos-konsep op sy kop gekeer toe hulle dié woning, bekend as "The Observatory", ontwerp het. Soos met hul vorige projekte, van die Ngorongoro Crater Lodge in Tanzanië tot North Island in die Seychelle, het hulle die omgewing as beginpunt gebruik en van daar 'n vryval in verbeelding gedoen.

'n Massiewe seekoei-skelet as liggpunt, keramiekteëls wat aanmekaar "gestik" is, 'n stukkie plafon van wildebeesvelle, 'n AK-47 wat soos 'n krimpvarkie lyk, noem maar op. Die eindprodukt is 'n towerwêreld wat nie net Silvio en Lesley se vernuf vergestalt nie, maar ook Rory se eksentrieke sin vir pret.

Leobo, wat "verkleurmannelietjie" in Noord-Sotho beteken, is sowat 50 km noordoos van die dorpie Vaalwater geleë. Soos die kraai vlieg, is die reservaat sowat 100 km noord van Pretoria.

Die verblyfplek bestaan uit twee opsies: Leobo Lodge met sy agt kothuise waar 18 mense kan tuisgaan, en The Observatory, met slaapplek vir ses volwassenes en drie kinders. Een van dié slaapkamers is vir 'n kinderoppasser ingerig en spog met 'n eie klein kombuis en 'n aparte badkamer. >>




In The Observatory kan gaste by 'n sandsteenblad onder 'n massiewe seekoei-kandelaar aansit. | FOTO'S: EPPY STRYDOM



Die slaapkamers in Leobo Lodge is weelderig ingerig.



Lin, Heather en Theresa in die ruimtepakke waarin gaste na die sterre kan kyk.



'n Angus Taylor-beeldhouwerk waak oor die jacuzzi op een van The Observatory se dakke. | FOTO: DOOKPHOTO.COM

Die Leobo- private reservaat het die koste van Eppy Strydom se besoek gedra.

goed om te weet

→ Die lodge, The Observatory of al-twee word net aan een groep op 'n slag uitverhuur.

→ Gaste kan in Leobo se helikopter na die land-goed reis. Dit duur sowat 'n uur van Midrand.

→ Die sterrekundige Phil Calcot kan teen R2 000 per uur gehuur word om sy kennis in die sterrewag te deel.

→ Benewens luiperds en buffels, kom wild soos wildebeeste, sebras, kameelperde, elande, gemsbokke en njalas in die reservaat voor.

→ Lees meer oor Silvio Rech en Lesley Carstens se ontwerp van The Observatory in die *Visi*-artikel op Leobo se webwerf, onder die afdeling "Information", onderafdeling "Press".

→ Besoek www.leoboprivatereserve.com, stuur e-pos na reservations@fish-i.co.za of skakel ☎ 087 808 1513 vir meer.



<< Ek en die helfte van ons groep van agt is soos skatryk mynmagnate in die landgoed se helikopter van Midrand na Leobo gekarwei. Met die intrapslag was dit duidelik dat gaste hier self in beheer van hul tyd en aktiwiteite is. Daar is geen vaste tye vir etes of wildkykritte nie. Jy hoef ook nie wild te kyk vanuit die tradisionele bostrokke nie: Jy kan 'n perd opsaal, die helikopter bestyg of een van die vinnige kwadfiets kies. Met sowat 240 km se paadjies in die reservaat is daar oorgenoeg plek om die enjin in die rooi te druk en wilde esse te gooi. En jy hoef nie 'n valhelm te dra as jy nie wil nie. Jy moet wel die vrywaringsvorm teken om Leobo vry te spreek van aanspreeklikheid as jy beserings sou opdoen.

Nog 'n aktiwiteit wat die adrenalien laat bruis, is 'n rit stroom-op in 'n Polaris-karretjie, 'n klein wildewragtig-4x4. Chris, die wildbewaarder, wys jou hoe om die voertuig te bestuur en dan durf jy die rowwe terrein aan wat 'n kwadfiets sal verneder.

Vier van ons gryp ook die kans aan om teiken te skiet met een van Rory se Winchester-sluipskuttergewere. Dit is 'n pragtige wapen en dodelik akkuraat. Ek lê eerste aan oor 'n afstand van sowat 100 m. Ondanks die oorskutte is die knal geweldig en die impak ruk my uit die stoel van skok. Hoe ek ook al daarna probeer om kalm voor te kom, gil ek

elke keer kliphard wanneer iemand die sneller trek.

'n Paar van ons besoek ook die huis van die landgoed se opsigers, Quintus en Ronell, waar hulle twee jagluiperdbroers as troeteldiere aanhou. Die egpaar het die twee kolkatte as kleintjies by 'n teelprojek gekry en die eerste jaar het hulle saam met Quintus en Ronell in die bed geslaap.

Vandaar hoor ons die seekoeie hul tuba-agtige snorke gee, soos my kollega Carla sal sê. Die grootse gediertes deel 'n dam met drie krokodille en 'n menigte visse waar gaste glo dikwels baars van 2 kg uittrek.

Die geregte wat Serge, die Franse sjef, aan ons voorsit, is fenomenaal. Dit begin met pikante vingerhappies om die kampvuur wat in die lodge se wye stoep van dwarslêers (*sleepers*) gesink is. Die Palala-vallei vou oop onder die rant waarop die lodge staan en ons sien 'n paar koedoes by die watergat rondrentel. Dis nie net die biefstuk met 'n rome-rige sampioensous of die eend in 'n lemoensous wat byna te mooi is om te eet nie, maar ook die vegetariese disse wat hy vir die vegetariër in die groep opdis.

'n Hoogtepunt is 'n besoek aan The Observatory, waar uitrustings vir verskillende aktiwiteite deel van die pret is. Laataand in die jacuzzi, met donderweer wat in die hemelruim rammel, mis ons nie eens die voorreg om planete vanuit die sterrewag se koepel te bespied nie.